INTERNATIONAL BACCALAUREATE
BACCALAURÉAT INTERNATIONAL
BACHILLERATO INTERNACIONAL



**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRICAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Wednesday 21 November 2001 (morning)
Mercredi 21 novembre 2001 (matin)
Miércoles 21 de noviembre de 2001 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. Substantial references to a Part 2 work of the same genre are permissible but only in addition to the minimum of two Part 3 works. References to other works are permissible but must not form the main body of your answer.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Traiter un sujet de composition. La composition doit être basée sur au moins deux des œuvres étudiées dans la troisième partie du cours. La composition peut comporter des références importantes à une œuvre du même genre étudiée dans la seconde partie, mais uniquement en plus des deux œuvres de la troisième partie. Les références à d'autres œuvres sont permises mais ne doivent pas constituer l'essentiel de la réponse.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta debe basarse en al menos dos de las obras estudiadas para la Parte 3. Se podrán hacer referencias importantes a una obra de la Parte 2 del mismo género pero solamente como complemento a las dos obras de la Parte 3. Se permiten referencias a otras obras siempre que no formen la parte principal de la respuesta.

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Uitgebreide verwysings na 'n Deel 2 werk van dieselfde genre is toelaatbaar, maar slegs as bykomend tot die minimum van twee Deel 3 werke. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**1.** (a) Die drama is gewoonlik gestruktureer rondom 'n stryd tussen twee magte, verpersoonlik deur twee opponerende karakters. Bespreek die stelling deur te verwys na ten minste twee van die werke wat jy gelees het.

*of*

(b) Die wêreld waarin 'n verhaal hom afspeel, speel 'n belangrike rol in die ontplooiing van 'n verhaal. In watter mate is die agtergrond van die verhale wat jy bestudeer het, belangrik vir die ontwikkeling van die gebeure?

**Poësie**

**2.** (a) Die gedig word dikwels beskryf as 'n genre wat 'n persoonlike gewaarwording op 'n intense wyse laat uitkristaliseer. In watter mate het jy die gedigte wat jy bestudeer het, as sodanig ervaar? Hoe het die digter die effek verkry?

*of*

(b) Die natuur speel alte dikwels 'n rol in die skep van 'n bepaalde stemming wat die innerlike wêreld van die spreker op een of ander wyse weerspieël. In watter mate is dit waar van die gedigte wat jy gelees het?

**Roman**

**3.** (a) Romans, vanweë die breed opgesette aard van die genre, werk dikwels met 'n hooftema asook enkele subtemas. In watter mate is dit waar van die werke wat jy gelees het?

*of*

(b) Die motiewe wat menslike optrede dryf, is gevarieer, maar kan dikwels gereduseer word tot 'n drang tot mag. Evalueer dié stelling met verwysing na die romans wat jy gelees het.

**Kortverhaal**

**4.** (a) Die bondige struktuur van die kortverhaal bring mee dat die skrywer met ’n enkele motief werk. Deur te verwys na die verhale wat jy gelees het, demonstreer die geldigheid van die stelling.

*of*

(b) In ’n goeie kortverhaal bepaal karakters en hul uitkyk op dinge in ’n groot mate die gang van die gebeure. Bespreek die geldigheid van die stelling deur na die bestudeerde kortverhale te verwys.

**Algemeen**

**5.** (a) Goeie letterkunde bied ons ’n geleentheid om deur die lewens van fiktiewe karakters sin te maak van ons eie lewens. Stem jy saam?

*of*

(b) Daar is ’n skool van denke wat meen dat styl en inhoud in ’n letterkundige werk nie te skei is nie. Wat is jou mening hieroor?

*of*

(c) Groot letterkunde demonstreer oor en oor dat in menslike verhoudings geluk ’n ontwykende konsep is, en dat ons in ons strewes ten beste kan hoop op ’n sinvolle soeke na betekenis. In die lig van die gelese werke, in watter mate stem jy saam met die stelling?

*of*

(d) Boots die lewe die kuns na, of boots kuns die lewe na? Reageer op die vraag deur na letterkunde wat jy gelees het, te verwys.

---